Februarie 2021

# Stellenberger

## Lydenstyd – ’n nuwe fokus op 2021

Deur: Di. Marius Breytenbach en René Potgieter



**Die kruis dra swaar aan al God se genade. Voel aan die hout en die doringkroon. Staan stil en luister. Dalk hoor jy Hom sê: ‘Ek het dit net vir jou gedoen.’ Max Lucado**

Lydenstyd is dié seisoen in die kerkjaar wanneer gelowiges op ’n innerlike en geestelike reis gaan. ’n Reis waartydens ’n mens doelbewus tyd saam met God én op jou eie deurbring. Dan dink ’n mens na oor Jesus wat Homself as ’n offer vir die wêreld gegee het en fokus opnuut op die ware betekenis van Jesus se opstanding.

Die ou kerkvaders het in die tweede eeu met die gebruik begin om reeds ’n paar dae voor die aanbreek van Paasfees – waartydens ons vandag steeds Jesus se sterwe en opstanding herdenk – die gebeure te begin vier. Nadat ’n groot aantal geestelike leiers in 325 n.C. in die dorpie Nicea in Klein-Asië bymekaargekom het om die eerste gemeenskaplike Christelike Belydenis saam te stel, is besluit om gelowiges aan te moedig om gereeld in die veertig dae voor Paasfees te vas. Sodoende sou die betekenis van Jesus se lyding, sterwe en opstanding nie ongemerk by hulle verbygaan nie.

Die viering van Lydenstyd is dus ’n ou Christelike gebruik waartydens Christene bewustelik en prakties saam met ander dié besondere tyd in ons kerkjaar vier. Dit bring ons diep onder die indruk hoe Christus se sterwe en opstanding ons persoonlik aanraak en verander. Daarom nooi ons lidmate uit om hierdie Lydenstyd sigbaar en prakties te vier deur by die volgende in te skakel:

- Weeklikse eredienste dien as aanloop en opbou tot die Groot-Lydensweek met Goeie Vrydag en Paassondag daarna.
- In Stellenberg het die gebruik ontstaan dat gesinne tydens die Lydenstyd ’n rooi kruis op hul voordeur of erfomheining plaas, as getuienis dat hierdie tyd vir hulle van besondere waarde is. Maak ’n kruis uit afvalhout, of gee ’n ou kruis weer ’n lagie rooi verf.
- Die gebruik om te vas kan op verskillende maniere toegepas word en die bedoeling daarmee is dat jy jouself van iets ontneem sodat dit as ’n herinnering aan Jesus se lyding en sterwe sal dien. Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Oorweeg om jou tydens die Lydenstyd van koffie,tee, of 'n kossoort te weerhou, of vind enige iets anders waarmee jy jou alledaagse roetine kan verbreek om sodoende die betekenis van Lydenstyd opnuut te kan oordink en ervaar.

- Ons beoog om voor die aanbreek van die Groot-Lydensweek 'n spesiale lydenstydpakkie vir ons senior lidmate saam te stel waarin daar onder andere 'n lydenstydhandleiding met oordenkings en skrifgedeeltes sal wees wat vir Bybelstudie en bepeinsing gebruik kan word.
- 'n Handleiding met oordenkings en gepaste skrifgedeeltes gepas vir die Lydenstyd sal ook op die gemeente se webwerf beskikbaar wees. Laai dit gerus daar af, of gaan haal 'n harde kopie by die kerkkantoor af.

Mag 2021 se Lydenstyd vir jou tot groot seën wees en mag jy te midde van 'n wêreld wat skielik handomkeer verander het, nuwe betekenis vir die jaar vind.

# 'n Voorslag vir twintig jaar

**Maryna Steenkamp het die afgelope twintig jaar die basaar se witolifanttafel bestuur. Maryna vertel dat sy in 1992 by die gemeente aangesluit het. Sy en haar kinders het uit die staanspoor gemaklik en tuis in die gemeente gevoel en die feit dat almal se behoeftes in ag geneem word, was vir hulle 'n pluspunt.**

In 2001 het sy eers net as haar wyk se sameroeper vir die basaar betrokke geraak. Op daardie stadium het die konvenor vir die witoflifanttafel boonop uitgetree en het sy toe besluit om aan die diep kant in te spring en die leisels oor te neem. Sy beweer dat sy maar 'n groentjie op die gebied was, maar dat sy vinnig geleer het en die tafel het uiteindelik een van haar jaarlikse hoogtepunte geraak.

Die oudbibliotekaresse was vir 23 jaar die kinderbibliotekaresse by Durbanville se biblioteek. Sy het tien jaar gelede afgetree, maar vir stilsit is daar min tyd in haar lewe. Sy is reeds veertig jaar by die Voortrekker-beweging se Doordekraalkommando betrokke, deel van die Vriende van Durbanville Biblioteek-beweging en sy is ook by die bestuur van haar deeltitelkompleks betrokke.



Maryna sê dat sy nie werklik 'n voorliefde vir ou goed het nie en ook nie 'n versamelaar van sekere items is nie. Tog was dit vir haar elke jaar baie lekker om te sien wat mense vir die tafel skenk en te wonder wat elke skenking se storie is. Sommige items het mooi herinneringe en ander beland weer by ons nadat mense 'n nabye geliefde aan die dood moes afstaan. 'n Afgesnyde olieblik met vuil, afgetapte olie was een van die onaangenaamste vondse waarop hulle afgekom het en 'n boks met drie klein katjies seker die grootste verrassing wat hulle een jaar te beurt geval het.

"Die aanbied van die witolifanttafel is regtig harde werk," sê Maryna. "Daar is letterlik duisende items wat individueel uitgepak, gesorteer en gemerk moet word.

Vervolg op bladsy 3 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 2

Deur die jare het ek en Gerda Walters (links op die foto), buurvrou en vriendin, 'n stelsel ontwikkel wat vir ons twee baie goed gewerk het. Gerda was absoluut onmisbaar in die vier dae wat basaardag voorafgegaan het.

Op die groot dag self het ons ook 'n uitstekende span helpers gehad wat met die uitpak en aandra van die items na die tafels gehelp het en ook later die middag met die verkope gehelp het. Aan hulle elkeen is ek groot dank verskuldig."

Maryna se raad aan haar opvolger is: "Geniet dit! Onthou net dit gaan meer tyd in beslag neem as waarop jy gereken het, maar dit is beslis die moeite werd."

|Ons wil graag namens die basaarkomitee en ons lidmate ons opregte dank aan Maryna Steenkamp en haar span helpers vir hulle onbaatsugtige diens die afgelope twintig jaar, oordra. Ds. Callie Visagie, leraar verantwoordelik vir gemeentefeeste.

# Terreinpersoneel se doenlysie vorder fluks



Die gemeente se terreinwerkers is op die foto van links: Bernie van Wyk, Terence Smit, Sharon Smit, Harry Langhtrey en Cobus Alberts

Ons fluks en vaardige terreinpersoneel is besig om 'n lang doenlysie met verskeie instandhoudings- en herstelwerk vinnig kaf te draf. Weens die verminderde getal funksies en byeenkomste wat tans weekliks in die saalkompleks aangebied word, het die personeel volop ekstra tyd oor die afgelope paar maande tot hul beskikking gehad en dit dan ook baie doeltreffend aangewend.

Die grootsaal se kombuis is opgeknap en die markplein is geverf. Die plafon in die kerk se ingangsportaal, die saalgedeelte van die kerk, asook verskeie kantore is ook almal met 'n verfkwas bygedam. Die glasdak bokant die liturgiese area in die kerk is afgeskuur en die verfkwas is daar ook ingespan. Daar is nog so 'n paar laaste ander take wat aandag moet geniet, onder andere in die kleinsaal en in die Stellenberg Ondersteuningsentrum en dan is die hele doenlysie afgehandel.

"Ons is dankbaar vir die span ywerige werkers wat met groot entoesiasme en 'n mooi gesindheid hulle onderskeie dagtake aanpak", sê Hanlie Reynecke, terreinkoördineerder.

# Die Augustyns se pad met Covid-19

Deur: Christo Augustyn

**Met die eerste aankondiging en die uitbraak van Covid-19 was ons aanvanklike kommentaar en oningeligte opinie: "A storm in a tea-cup". Natuurlik het die oorvloed van informasie en feite wat daarop gevolg het, ons aanvanklike mening vinnig nek omgedraai. Soos ons almal nou reeds weet, en self aan die lyf begin voel het, het die storm al sterker geword en steeds woed dié lewensbedreigende plaag voort.**



Ons gesin en vriende het dikwels oor onrus, opstande, betogings, veiligheid, inbrake, ongeneeslike siektes en die algemene verskynsel van die dood in ons land gesels. My vrou is al in Kaapstad aangeval, my skoonsuster is in haar skool aangehou, maar meer direk en nader as dit, was ons nog nooit werklik beproef nie. Maar toe word ons deur die gedaante van die Covid-19-gedrog getref. Min het ons geweet dat dit nie net iets is wat ons op die nuus, of in die koerant, of in die doodsberigte sou hoor en lees nie, maar dat dit ook ons gesin se lewens regstreeks sou affekteer. Voordat die plaag ons gesin getref het, het dit reeds die lewe van miljoene ander mense oor die wêreld heen onherroeplik verander en ek glo in miljoene gevalle was die ervaring nog baie meer traumaties as ons s'n.

Die onverantwoordelikheid en ongehoorsaamheid van vele mense rondom ons wat weier om die basiese voorskrifte en voorsorgmaatreëls na te kom, het ons erg vertoorn. As gesin het ons getrou saniteermiddel gespuit, hande gewas, maskers gedra, pakkies ontsmet en 'n gedwonge kluisenaarsbestaan begin voer. Maar een klein glips het tot gevolg gehad dat ons al vier op 21 Desember 2020 Covid-19-simptome begin toon het. My pa is vroeër in 2020 oorlede en ons lank reeds beplande en kosbare Familiekersfees saam met die oorblywende twintig nabye familielede, moes toe summier gestop word en ons lewens het in die daaropvolgende ses weke drasties verander: Covid-19 het aan ons deur kom klop.

Die twee kinders het vinnig herstel, terwyl my en my vrou se simptome erger en meer langdurig was. Intussen het my skoonouers, beide 85 jaar oud en inwoners van Edelweiss Dienssentrum, ook siek geraak.

Vervolg op bladsy 5 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 4

Dit was moeilik om hulle fisiese toestand te monitor, aangesien geen besoeke by die tehuis toegelaat word nie. Ons kon net telefonies kontak maak. Op 30 Desember het ons besluit om vir Ouma te gaan haal en tuis na haar om te sien met medikasie, suurstof en die hulp van versorgers.

Op 31 Desember moes ek egter in die hospitaal opgeneem word. Wat daarna gevolg het, is die storie van menige voor en na ons. Ek was vir ’n totaal van 18 dae in die hospitaal waarvan 12 in die intensiewesorgeenheid was. My gesin kon my uiteraard glad nie besoek nie en hulle moes magteloos tuis wag en bid. Die hartverskeurende stories van mense wat saam met my in die hospitaal was, is enorm en eenvoudig onbeskryflik. Al wat ek daarvan kon oorhou, is bloot ’n diepe dankbaarheid.

Oupa het goed herstel – of so het ons gedink, maar op 3 Januarie moes hy ook in die hospitaal opgeneem word waar hy vir 12 dae versorg is. Die hospitaalverblyf was vir hom en vir ons erg traumaties. Die familielede kon net deur die hospitaalvenster vir hom waai.

Op 15 Januarie 2021 is Oupa ontslaan en ek op 16 Januarie. Ons het ’n kosbare naweek vol liefde saam deurgebring totdat Oupa skielik op 18 Januarie oorlede is. Ons vier gesinslede was deur die genade by hom en kon hom afsien op sy nuwe reis – ek nog gekoppel aan ’n mobiele suurstofeenheid . . . en daar verlaat hy die wêreld sonder suurstof.

Ek hang sedert 30 Desember 2020 steeds 24 uur van die dag aan ’n suurstofpyp. Maar ons is dankbaar teenoor ons Liewe Vader en Mediclinic, die versorging in die intensiewe-eenheid en die gewone hospitaalsaal, asook teenoor elke werker in die gesondheidsektor. Ook vir die feit dat ek ontslaan is en die voorreg het om ’n rehabilitasieproses te deurloop.

So ja, vandag is ons die hartseer, maar terselfdertyd ook die dankbare Augustyn-familie, wat baie seëninge ontvang het nadat ons die harde werklikheid van Covid-19 eerstehands aan ons lywe gevoel het.

Die oorvloed van onverdiende liefde, ondersteuning, hulp, raad, bystand, gebede en genade van die Vader maak ons baie nederig en bevoorreg.

Groetnis.

Christo

| Christo en Belinda Augustyn woon in Burenstraat 10 en is reeds sedert 2003 lidmate van Stellenberg-gemeente. Christo is ’n apteker van beroep en Belinda ’n mediese dokter. Hulle kinders David en Ellen is beide studente. Belinda se ma, Elsa, is ’n inwoner van Edelweiss Dienssentrum en ook ’n lidmaat van die gemeente.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Ons groet ’n staatmaker



**Reeds die afgelope 26 jaar al is Marguerite Bester vir die hartklop van die gemeente, naamlik die finansiële bestuur, verantwoordelik. Sy het in Mei 1995 by Stellenberg-gemeente begin werk nadat sy 15 jaar by die NG kerk Rondebosch werksaam was. By Rondebosch-gemeente het sy nou saam met ds. Hannes Theron, nou leraar by NG kerk Helderberg en dr. Ernst van der Walt gewerk.**

Marguerite vertel dat Stellenberg-gemeente se begroting in daardie jare R1,2 miljoen beloop het teenoor die R10 miljoen deesdae en die kerkraad het uit nie minder nie as 260 lede bestaan. Toe sy by die gemeente ingeval het, was di. Bremer Gericke, Jacques van Rensburg, Carel van Wyk, Braam Hanekom en Charlie Holtzkamp die leraars hier.

“Die aanpassing om vanaf Rondebosch-gemeente oor te skuif na Stellenberg-gemeente wat op daardie stadium al ’n makrogemeente was, was nogal moeilik,” sê Marguerite. “Dinge het heeltemal anders gewerk in ’n groot gemeente teenoor die kleiner opset waaraan ek gewoond was. Aanvanklik is ek aangestel as ’n sogenaamde saakgeslastigde. Dis ’n kerkterm wat verwys na die amp van die persoon wat die finansiële en kantoorbestuur van ’n gemeente behartig. Uiteindelik het die hoeveelheid werk te veel geraak en het ds. Callie Visagie die administrasie en bestuur van personeelsake en eiendomme by my oorgeneem en ek het voortgegaan om die finansiële bestuur, asook die kerkraadadministrasie te behartig.

“My kinders was jonk toe ek by Stellenberg-gemeente begin werk het en het nog dikwels baie van my aandag geverg en dit op sigself het sy eie uitdagings gebied. Hulle was 15, 13, 5 en 3 jaar oud toe ek in 1995 by Stellenberg begin werk het. Dit voel nou soos meer as ’n leeftyd gelede en vandag is hulle al 41, 39, 31 en 29 jaar oud. Drie van my kinders woon nog in die omgewing en my jongste dogter en haar gesin woon in Secunda. Sy het ’n rooikopseuntjie wat sy ouma se hart gesteel het.”

Marguerite sê dat sy nooit oor die jare bekommerd was dat die gemeente se spreekwoordelike finansiële skip gaan sink nie. Sy vertel daar was dikwels tye dat planne beraam moes word en proaktief opgetree is, soos veral die afgelope jaar tydens die Covid-19-pandemie ervaar is, maar in samewerking met baie kundige mense op die kerk se finansiële kommissie, is altyd goeie finansiële bestuur toegepas en kon die skip altyd drywend gehou word.

Vervolg op bladsy 7 . . .

. . . Vervolg vanaf bladsy 6

“Ek en Danie Claasen, voorsitter van die finansiële kommissie, werk al 25 jaar saam en ek en Marius Saayman net ’n paar jaar korter. Ek is baie dankbaar vir die ondersteuning wat ek die afgelope jare van hulle, asook van ds. Callie Visagie, saam met wie ek ook sedert 1997 werk, ontvang het.

“Dit is altyd vir my verblydend om te sien hoe lidmate deurlopend betrokke by die gemeente se werksaamhede bly en hulle bereidwilligheid om te verander en aan te pas, deur byvoorbeeld tydens die Covid-19-inperking bydraes slegs elektronies oor te betaal, of om van hulpmiddels soos SnapScan gebruik te maak. Die feesmark was jaarliks vir my ’n baie opwindende periode. Ek het reikhalsend uitgesien om die daaglikse omset van die mark te bekyk en uiteindelik die eindtotale met dié van vorige jare te vergelyk. Ek was ook keer op keer verras met die jaarlikse styging in omset wat die mark getoon het.”

Marguerite sê dat sy beslis die mense saam met wie sy gewerk het, die meeste gaan mis. Sy het immers saam met di. Charlie Holtzkamp, Jacques van Rensburg, Braam Hanekom, Carel van Wyk, Koosie Delport, Willem Malherbe, Anriëtte de Ridder, Bremer Gericke, Peter Kotze, Why Duvenhage, Marius Breytenbach, Hanno Ackerman en René Potgieter gewerk. Die leraars was of is steeds almal verantwoordelik vir bepaalde kommissies se begrotings en finansiële bestuur, wat beteken dat elkeen van hulle uiteindelik in Marguerite se kantoor beland het.

“Al hierdie mense, asook my ander kollegas, het soos my eie familie geword. Wanneer ek finaal aftree, sal ek steeds graag by die gemeente se projekte betrokke wil bly en ek gaan beslis meer tyd maak om by my rooikopkleinseun te gaan kuier.”

# So lyk die geldsake

Deur: Ds. Callie Visagie

**Dit raak nou 'n afgesaagde deuntjie om na die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie veroorsaak, te verwys. Die media word daagliks oorlaai met artikels wat die katastrofiese gevolge wat die huidige gesondheidskrisis vir die land se ekonomie inhou, verkondig. Die slegte nuus is ongelukkig dat die pandemie se gevolglike invloed op die hele kerkgemeenskap en ook ons eie gemeente, groot is.**

Die kerkraad het in April 2020 proaktief opgetree, juis omdat voorsien is dat die invloed van dié krisis op die kerk ingrypend gaan wees. In die lig daarvan is aanpassings aan die begroting gemaak. 'n Aangepaste begroting is in April opgestel en aanvaar. Die kerkraad het ook onderneem om die situasie te monitor en aanpassings met verloop van tyd te maak.

Kortliks is die volgende aanpassings gemaak:

Die geprojekteerde inkomste is van R 10 005 000 tot R6 390 726 aangepas. Dit het hoofsaaklik die volgende behels:

- Aanpassing van die feesmark se begrote inkomste van R2,25 miljoen na R45 000. Daar is voorsien dat slegs 'n aanlyn mark aangebied sou mag word.
- Vir maandelikse dankoffers is dieselfde bedrag begroot (R5 025 000), maar vir bankkollektes is slegs 30% begroot (R385 000), aangesien lidmate nie meer kerkdienste kon bywoon nie.
- Tiendemaandinsameling: Die begrote R1 550 000 is na R930 000 aangepas.

Aan die uitgawe-kant van die begroting is die volgende gedoen:

- Al die kommissies se uitgawes is drasties ingekort en fondse is hoofsaaklik net vir hulp aan noodbehoewende persone (getuieniskommissie) toegeken. Die gemeente se verantwoordelikhede t.o.v. personeel, munisipale dienste en die aanbieding van eredienste is steeds nagekom.
- Die gemeente se salarisrekening is aangepas deur predikante en amptenare se vergoeding te herstruktureer. Geen salarisverhogings is vir 2020 toegestaan nie, alle personeel se salarisse is met 20% besnoei en geen jaarlikse bonusse is betaal nie. Predikante se reistoelaes is ook met 'n derde verminder.

Ons is baie dankbaar vir die wyse waarop 'n groot groep lidmate deur hulle volgehoue ondersteu-ning bygedra het om die gemeente se finansiële ver-pligtinge na te kom en ons sodoende in staat kon stel om die gemeente se spreekwoordelike wiele aan die rol te hou. Ons is bykans aan die einde van die boekjaar (Februarie 2021) en die huidige stand van ons finansiële situasie is soos volg:

- Maandelikse dankoffers en bankkollektes: Hierdie twee items word saam bereken, omdat dit problematies is om te bepaal waarvoor elektroniese inbetaling toegesê moet word. Die gesamentlike begrote bedrag is R5 410 000. Tans staan die inkomste op R5 452 600. Dit is reeds R42 600 meer as die begrote bedrag. Ons loof die Here regtig vir lidmate se offervaardigheid.

Vervolg op bladsy 9 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 8

- Tiendemaandinsameling: Ons verwagtinge is werklik oortref en teen die agtergrond van die aangepaste begroting van R930 000 staan ons tans op R1 208 320 (m.a.w. R278 320 bo dit wat begroot is).
- Feesmark: Uiteindelik is daar verlede jaar in ooreenstemming met Covid-19-regulasies 'n aangepaste opskietmark gehou. Die inkomste het uiteindelik op R690 226 te staan gekom – R645 226 meer as die begrote bedrag.

Teen die agtergrond van die konserwatiewe wyse waarop die kerkraad en die fondsebediening verlede jaar aangepak het, is ons dankbaar vir die positiewe balans wat bykans elke hoofbron van inkomste nou toon. Dit het onder meer beteken dat die kerkraad teen die einde van 2020 die volgende aanpassings kon maak:

- Terreinwerkers se salarisse is vanaf September ten volle volgens 2019 se salarisskale uitbetaal.
- Predikante en kantoorpersoneel is vanaf einde November teen 90% van 2019 se salarisskale vergoed.
- 66,67% van jaarlikse bonusse is aan alle personeel betaal.

Teen die einde van die boekjaar sal die kerkraad weer in samewerking met die fondsebediening (onder voorsitterskap van Danie Claassen) die verantwoordelike fondsebestuur van die gemeente onder die loep neem. Die gemeente se huidige finansiële situasie sal weer in oënskou geneem word en aanpassings sal waar nodig gemaak word en daar sal weer met groot verantwoordelikheid, versigtigheid en afhanklikheid vir 'n onsekere 2021/22 boekjaar begroot word.

# Kategese op 'n nuwe manier

Deur: Ds. Hanno Ackerman



Die kerk beleef groei en verandering op elke bedieningsgebied en veral nou tydens die Covid-19-pandemie. Maar dié tyd van onsekerheid het ons ook geforseer om met nuwe oë na die bestaande sisteme te kyk.

Ek onthou hoe ek die Heidelbergse Kategismus voor my Sondagskooloom moes opsê en hoe my ma my Sondagoggende kerk toe moes sleep om na lang preke te luister en dan het die Sondagskool nog boonop na die erediens gevolg. Vandag dink ons anders en meer oopkop oor die konsep van kategese en besef die model van die verlede moet aangepas en verander word.

Vervolg op bladsy 10 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 9

Die jeugbediening moet boonop voortdurend herskik om te midde van die heersende Covid-19-inperkingsregulasies vir tieners en kinders sinvolle kategesebyeenkomste aan te bied.

Ons het in 2020 ’n model getoets wat toepaslik is vir enige regulasie en beperking wat ons moontlik in die toekoms nog sal beleef. Die dae van kategesetoetse en Bybelverse uit jou kop uit leer, is verby. Ons wil graag vir kinders, families, studente en jongvolwassenes in die gemeente die geleentheid gee om ook seggenskap te hê in en deel te wees van dit wat in die jeugbediening gebeur.

In die kinderbediening (graad 1 tot 7) word die kategesegesprekke aan die preektema van die familiediens gekoppel en ons nooi families uit om soggens om 09:30 na die familiediens te kyk en dan na die diens aan die aanlyn kategesegesprekke deel te neem. Deur middel van interaktiewe gesprekke word kinders by die onderwerp betrek. Dié werkswyse maak dit vir ons moontlik om voort te gaan met kategesebyeenkomste, ongeag die vlak van beperkings wat ingestel word.

Gespreksmateriaal vir die kategesegespreksgroepe word ook weekliks op die gemeente se webwerf onder Junior Kategese opgelaai. Ouers kan dit gerus daar aflaai en met hul kinders deurwerk. Tieners se lesmateriaal word deur WhatsApp-boodskappe aan hulle gestuur. Indien daar ouers is wat belangstel om van die gespreksgroepe te lei, kontak gerus vir Brenda Visser, die gemeente se kinderwerker. Enige persoon wat ’n meer kontemporêre aanslag tydens eredienste geniet, word uitgenooi om die Relevantdiens en die daaropvolgende Zoom-gesprekke by te woon.

Wanneer kerkbyeenkomste weer in die kerkgebou toegelaat word en lidmate op die kerkperseel geakkommodeer mag word, sal die roetine rakende bywoning van eredienste met kategesegepreksgroepe na afloop van die eredienste, net voortgesit word.

Mag 2021 se nuwe kategesemodel ons daartoe lei dat ons na mekaar se menings, behoeftes en verwagtinge sal luister en mag jy en jou kinders, vriende en familie sodoende ’n geestelike tuiste in Stellenberg se jeugbediening en die nuwe manier van doen, vind.

# Om kerk op ’n skerm aan te bied

Deur: Ds. Marius Breytenbach

**Nooit sou ons kon dink dat daar in ons eie gemeente en ook in ander kerkgemeenskappe ’n tyd sou aanbreek waarin ons vir maande lank geen mense in kerkgeboue mag ontvang nie.**

Ten spyte van die ontnugterende ervaring wat ons die afgelope tien maande beleef het, het ons ook ’n nuwe geestelike oplewing beleef. Lidmate kon aanlyn by eredienste, kategese, Bybelskool en daaglikse dagstukke inskakel.

Die Covid-19-pandemie het ons geleer dat die kerk veel meer is as die gebou waarin almal gereeld kon saamkom. Dit leef in die harte van ons lidmate wat in hierdie tyd moeite gedoen het om na mense om hulle, wat weens die krisis finansiële, pastorale of voedselnood ervaar het, uit te reik.

Dit is besonders om op Sondae te sien dat net soveel, of selfs meer mense as in die kerk self, by ons aanlyn eredienste inskakel, asook die groot groep wat ons daaglikse oordenkings lees, of daarna luister en by Bybelskoolsessies inskakel. Kinders, ouers en tieners kon deur die Zoom-gespreksplatform met kategese voortgaan.

Dit is baie moeilik om te midde van die onsekerheid wat die pandemie skep eredienste en byeenkomste vooruit te beplan. Ons besef die verandering van eredienstye is vir lidmate ’n aanpassing, maar ons probeer ’n struktuur skep waarbinne ons maklik tussen verskillende vlakke van inperking kan beweeg en wat dit vir ons moontlik maak om al vier ons eredienste weer te hervat.

Sondae is daar vier aanlyn dienste beskikbaar. Die heersende vlak van inperking sal bepaal of



eredienste deur kerkgangers bygewoon kan word, aldan nie.

Eredienste word soos volg ingerig:

- ’n Oggenddiens word om 08:30 vanuit die kerkgebou gestroom en daarna is die opname van die diens aanlyn op die internet beskikbaar.
- ’n Meditatiewe diens word om 09:00 in die kapel aangebied. Twintig kerkgangers kan wel die diens bywoon en vanaf 11:00 sal die opname van die diens aanlyn beskikbaar wees.
- ’n Familiediens word om 09:30 vanuit die kerkgebou gestroom en die opname van die diens is vanaf 10:10 aanlyn beskikbaar. Lidmate vir wie die oggenddiens se tydgleuf nie pas nie, is welkom om by die familiediens in te skakel. Dit is nie net ’n kinderdiens nie en oupas, oumas, ooms en tannies sal almal aanklank by die diens vind.
- Die Relevantdiens word om 18:00 vanuit die kerkgebou gestroom.

Die huidige vlak van inperking laat ons toe om ’n beperkte aantal mense by eredienste toe te laat. Ons het dit dus goedgedink om wel 20 kerkgangers net by die meditatiewe diens (09:00 in die kapel) toe te laat en tydens die Relevantdiens weer word graadgroepe om die beurt na die diens uitgenooi.

. . . vervolg vanaf bladsy 11

Die oggend- en familiediens kan egter nog nie deur kerkgangers bygewoon word nie. Direk na die familie- en Relevantdiens is daar aanlyn kategese-aanbiedings.

Daar is 'n paar maklike maniere om na eredienste op die internet te kyk:

- Besoek ons www.stellenberg.co.za en kliek op die eredienste-blokkie. Selekteer die diens van jou keuse en kliek dan op die video-voorskou.
- Teken in op Stellenberg se YouTube-kanaal. Die skakel na die gemeente se YouTube-kanaal is ook op www.stellenberg.co.za beskikbaar.
- Ontvang die weeklikse elektroniese bulletin asook die skakels na al ons aanlyn eredienste deur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Indien jy graag na die eredienste op jou selfoon wil kyk, stuur 'n WhatsApp-, of Telegramboodskap met jou naam+nommer+ eredienste na 081 045 2428.
- Indien jy graag na die daaglikse oordenkings op jou selfoon wil luister, stuur 'n Whatsapp, of Telegramboodskap met jou naam+stemboodskap na 081 045 2428.

Ons is dankbaar teenoor lidmate wat die afgelope tien maande ons eredienste getrou aanlyn gekyk het en ons boonop ook finansieel deur middel van dankoffers ondersteun het.

# Oberammergau en Covid-19

Deur: Dr. Dirk Brand

**In die 17de eeu het die pes, ook bekend as die Swart Dood, in dele van Europa verwoesting gesaai en die meeste families is daardeur getref. Jare lange oorloë het bygedra tot die verspreiding van die virus. Dit het uiteindelik in 1633 ook 'n klein dorpie in die suide van Beiere, Oberammergau, bereik, toe 'n geïnfekteerde man vir Kersfees teruggekeer het huis toe.**



Die virus het vinnig versprei en baie sterftes in dié klein gemeenskap tot gevolg gehad. Die inwoners het toe 'n belofte aan God gemaak dat hulle elke tien jaar die lyding en kruisiging van Christus sal uitbeeld as hulle van die pes verlos word.

Die gemeenskap is verdere sterftes gespaar en hulle doen al vir bykans 400 jaar lank hul gelofte gestand. Die eerste opvoering het op 'n verhoog wat bo-oor die grafte van afgestorwenes gebou is, plaasgevind. Deesdae is 'n indrukwekkende teater met plek vir net meer as 5 000 mense die tuiste van die Passiespel.

Die deelname van die hele gemeenskap van Oberammergau aan die Passiespel oor eeue heen het baie mense se lewens verander en die kollig geplaas op die gebeure wat 2 000 jaar gelede, in Jerusalem, die wêreld verander het. Die aangrypende slottoneel wat die opstanding van Jesus uitbeeld, is 'n versterking van hoop.

Vervolg op bladsy 13 . . .

. . . Vervolg vanaf bladsy 12

Vir die bykans 2 000 deelnemers, sowel as die duisende toeskouers, bied hierdie ervaring opnuut begrip vir die lewe en sterwe van Jesus.  Dit daag ook mense uit om na te dink oor hul eie lewens te midde van  die wêreld waarin hulle leef.

In Desember 2019 is ’n virus in Wuhan in China ontdek en die gevolg was ’n wêreldwye pandemie wat baie meer verwoesting as die pes in die Middeleeue saai.  Covid-19 het die wêreld tot stilstand gebring.  Die koronavirus maak, net soos die pes honderde jare gelede, geen onderskeid tussen slagoffers nie.   Dit het lande en gemeenskappe gedwing om anders te werk, te leer en te ontspan en ook kerke moes anders begin funksioneer.  Die enorme impak van Covid-19 blyk uit die verbysterende statistiek van infeksies en sterftes regoor die wêreld heen. Die ekonomiese gevolge van die inperkingsmaatreëls het verdere verwoesting gesaai en word deur die magsmisbruik en korrupsie van politici vererger.  Bekamping van die pandemie deur die effektiewe ontwikkeling en gebruik van entstowwe is uiteraard noodsaaklik.

Die omvang van die Covid-19-pandemie het egter groter vrae oor die mens en die aarde na vore gebring.  Die skadelike gevolge van klimaatsverandering, die voorkoms van massiewe ekonomiese en sosiale ongelykheid in die wêreld en diktature wat deur geweld en magsmisbruik verhoed dat mense in vreedsame demokratiese gemeenskappe kan lewe, is eksistensiële vrae wat opnuut tydens hierdie pandemie onder die soeklig gekom het.

Die pes in 1633 het die voortbestaan van die mense van Oberammergau en elders bedreig en vir hulle het die oplossing in ’n belofte aan God gelê.  Hul geloof het hulle gelei tot ’n besluit om die Passiespel elke tien jaar uit te beeld om prakties gestalte aan hierdie belofte te gee.  Dit het vir hulle opnuut hoop gebring.  Vandag, bykans 400 jaar later, het ons nie ’n nuwe Passiespel nodig om die pandemie te oorwin nie, maar het ons waarskynlik ook die geloof van dié klein gemeenskap aan die voetheuwels van die Alpe nodig om tot aksie oor te gaan om die groot uitdagings wat die mens en die aarde beïnvloed, te kan oorwin.

Ons gelofte aan God sal moet sigbaar wees in die besluite van regerings, sakelui, kerke en gewone burgers om ’n volhoubare samelewing op ’n konstruktiewe manier te herbou.  Dit is ’n geloofsdaad wat nuwe denke vereis oor ’n inklusiewe gemeenskap wat op menswaardigheid en vryheid gebou word, asook ’n wêreld wat in harmonie met die natuurlike omgewing funksioneer om ’n volhoubare toekoms te kan skep.  So ’n gelofte wat prakties uitgeleef word, sal opnuut hoop skep, veral in die troebel waters wat die Covid-19 pandemie veroorsaak het.

| Dirk Brand is leierouderling van die gemeente.

# Waarom bid ons?

Deur: Dr. Braam Hanekom

**Ek het enorme respek vir Albert Einstein – onteenseglik een van die grootste wetenskaplikes deur alle eeue heen. Daar is al baie geskryf en gespekuleer oor of Einstein 'n gelowige was. Hy het grootgeword in 'n Joodse familie, maar het op 'n jong leeftyd 'n Katolieke skool bygewoon.**

Einstein het oor jare heen talle uitsprake gemaak wat verskillende mense, gelowig en ongelowig, graag aanhaal om hulle eie standpunt te probeer ondersteun. 'n Gevolgtrekking waartoe sommige gekom het, is dat Einstein in 'n panteïstiese God wat nie inmeng in die alledaagse lewe van mense nie, sou geglo het.

Einstein sou affiniteit vir die Nederlandse filosoof Baruch Spinoza en sy denke getoon het, wat weer op sy beurt sou gesê het: "Hou op bid en gaan geniet die lewe." Einstein sou egter ook by geleentheid gesê het: "Science without religion is lame, religion without science is blind." Talle mense het daarna spekuleer oor wat hy presies daarmee bedoel het. Vir my wil dit voorkom of Einstein 'n agnostikus was. Iemand wat oor die metafisika gewoon gesê het: Ek weet nie.


Nou wat het dit als met gebed te doen? Gebed, anders as meditasie, werk volgens die beginsel dat daar 'n transendente, maar ook persoonlike God is wat luister. Ek is oortuig daarvan dat die gebedslewe van verskillende mense van die mees persoonlike (en daarom ook uiteenlopende) ruimtes is wat bestaan. Ek sou dus baie huiwerig wees om voorskriftelik te wees.

Die Skrif gee wel enkele riglyne. Hiervan is die Onse Vader vir my die kosbaarste. In tye wanneer ek om 'n verskeidenheid redes sou sukkel om te bid, bid ek net eenvoudig die Onse Vader.

Ek bly egter bid omdat ek deur die jare besonderse positiewe ervarings van gebed het. Daar gebeur op baie vlakke dinge met, in en om my. My gebede word natuurlik nie altyd beantwoord soos wat ek dit wil hê nie. Dit kan ook nie. Stel jou voor God sou elke gebed waar daar gebid word dat mense gesond word en bly lewe, positief beantwoord. Dink vir 'n oomblik wat die implikasies vir die skepping sou wees.

Ek bid dus nie omdat ek glo dat God my gebede altyd sal verhoor soos ek dit wil hê nie. Ek bid egter omdat ek weet dat God my hoor en antwoord. Soms met 'n "ja", soms met 'n "nee", maar altyd met berusting. Gebede wat in ooreenstemming met God se wil gebid word, word gunstig beantwoord. Nie altyd onmiddellik nie, maar wel. Ons bid dus nie net om te vra nie, maar ook om God se wil te onderskei. Dit neem tyd, verg nederigheid en respek, maar word een van die mees vervullende ervarings vir diegene wat so bemoeienis met God maak.

"'n Gelowige wat probeer leef sonder gebed, is soos 'n mens wat probeer lewe sonder om asem te haal." – Martin Luther



# *Tummy-time* vir babas

Deur: Zoné Janse van Rensburg

Ek ontvang dikwels vrae in my praktyk oor die rol wat die sogenaamde tummy-time in vroeëkinderontwikkeling speel. Vrae soos: Is dit noodsaaklik dat my baba tyd op sy of haar maag deurbring? Hoe lank moet my baba op sy of haar maag geplaas word? Dan hoor ek ook dikwels dat babas nie daarvan hou om op hulle magies neergesit te word nie. Dit het my laat besluit om die wenslikheid van *tummy-time* in dié artikel te belig.



**Wat is *tummy-time?*** Dit is wanneer 'n baba op sy of haar maag lê, arms uitgestrek na vore en met die bene óf onder die lyfie ingedruk, óf plat op 'n oppervlak. Dié posisie moet altyd onder die toesig van 'n volwassene geskied. Die doel daarvan is om jou baba te help om veral motories gedrewe ontwikkelingsmylpale te bereik. Maak altyd seker dat die baba se lugweg oop is sodat die baba gemaklik kan asemhaal.

*Tummy-time* is 'n baba se eerste oefensessie en waarskynlik een van die belangrikste aktiwiteite met die oog op jou baba se ontwikkeling. Dit is ook die een aktiwiteit waarmee nooit opgehou hoef te word nie. *Tummy-time* hou selfs voordele vir ouer kinders in, soos die versterking van spiere wat sal help om 'n regop postuur te handhaaf, dit bou voort op hand-oog-koördinasie en verhoog liggaamsbewustheid. 'n Ouer kind kan *tummy-time* toepas terwyl hulle inkleur, legkaarte bou of bordspeletjies speel.

**Wanneer moet *tummy-time* begin en hoeveel is genoeg?** *Tummy-time* kan begin sodra 'n baba gebore word en 'n gesonde lyfie het. Doen dit daarna daagliks, altyd onder volwasse toesig en rek dit oor 'n paar sessies uit, sodat die baba ongeveer 15 minute per dag in totaal op sy of haar magie lê. Dit kan dan langer word soos die baba se lyfie versterk en op die ouderdom van drie maande kan die baba tot ongeveer 60 minute in die posisie bly.

*Tummy-time* hoef nie altyd plat op die grond te wees nie. Die pasgebore baba begin met tummy-time 'n paar minute na geboorte wanneer die baba op die mamma se bors geplaas word. Daarna kan die mamma op 'n bed lê en die baba op haar maag plaas terwyl sy met haar baba speel en gesels. Daar is verskeie variasies op *tummy-time,* soos om in 'n semi-lêposisie te sit met baba se maag teen jou lyf, of lê baba op die vloer neer met 'n opgerolde kombers, handdoek of klein kussinkie onder die borskas en onderdeur sy of haar armpies. Die kussing verlig die moeite wat die baba moet doen om sy kop op te lig en op sy voorarms te rus. Wanneer mamma of pappa se gesig min of meer op dieselfde hoogte as baba s'n is, is dit vir baba makliker om *tummy-time* te geniet. Maak weer eens net seker dat die baba gemaklik kan asemhaal.

Vervolg op bladsy 16 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 15

**Wat is die doel van *tummy-time*?** Die baba ervaar en leer ken die beginsels en effek van swaartekrag, asook die beheer oor en verlenging van die lyfie teen swaartekrag. Dit versterk die spiere van die kop, nek en rug sodat baba later kan leer om te rol, te sit, te kruip en regop te staan. Dit versterk ook die arms en gewrigte en verskaf diepdruk in die arms wat die lyfie gereed maak vir kruip en ander fyn motoriese beheer. Visuele volging speel ook 'n rol, aangesien die baba deurentyd ook sy wêreld wil verken. Nog 'n voordeel is dat tummy-time die afplatting van die agterkant van die skedelbeen voorkom. Hierdie afplatting kom voor by babas wat vir lang tye in een posisie op die ruggie rus. Laastens, vanuit die maagliggende posisie, volg baie motoriese mylpale, insluitend die van rol en opdruk om te sit.

**Maniere om *tummy-time* aan te moedig:** Sekere tye is makliker en meer geskik om met 'n mens se baba *tummy-time* te doen – gewoonlik na 'n slapie of 'n doekruiling. Baba is dan uitgerus en sien waarskynlik kans om die nodige krag en uithouvermoë vir die uitdaging in te span. Aktiwiteite en hulpmiddels wat die oefening makliker maak, sluit in:

- Spelmatte is gewoonlik die mees algemene stimulasiemetode en meeste huishoudings besit een. Dit is gewoonlik daarop gemik om die verskillende sintuie soos gehoor, tas en visie te stimuleer.
- Jy kan jou eie stimulasiehoepel maak deur verskeie linte, klokkies en stukkies materiaal aan 'n hoepel vas te bind. Plaas die baba dan op die maag in die middel van die hoepel en laat baba die teksture en objekte verken.
- *Tummy-time* voor 'n spieël werk ook goed. Dit help die baba ook om verskeie ander vaardighede, insluitend sosiale en emosionele vaardighede te ontwikkel. Baba oefen dan ook kommunikasievaardighede en gesigsuitdrukkings en leer dat daar terugvoer op aksies is.
- Wegkruipertjie is 'n gunsteling by die meeste babas en speel 'n belangrike rol in hulle ontwikkeling. Dit leer babas van objekpermanensie – al sien hulle nie meer die voorwerp nie, bly dit steeds voortbestaan. In die maagliggende posisie is dit maklik om hierdie speletjie voor die spieël te speel, of byvoorbeeld om 'n speelding neer te sit en 'n lappie daaroor te gooi sodat dit verdwyn en verskyn.

Kontak my gerus met nog vrae oor tummy-time, of enige ander aspekte van vroeëkinderontwikkeling. My praktyk is by die Stellenberg Ondersteuningsentrum en my kontaknommer is 021 976 8029.